

Die lied van 'n geseënde gelowige

Die gelowige wat optrek na die tempel het 'n pelgrimslied gesing. Psalm 127 leer ons dat God die enigste Werkgewer is wat 'n mens kan seën. Psalm 128 sluit nou hierby aan. Daar word verder gesing van die seën wat 'n gelowige ontvang. Mens kan jouself indink dat Psalm 128 gesing kon word nadat die Here se kinders sy seën by die tempel ontvang het. Hierdie seën vloei soos water en dek vyf dele van die gelowige se lewe.

Eerstens kom daar vrug op jou arbeid. Die opbrengs van jou werk plaas jou in 'n posisie om voorspoedig te wees. Jy geniet die resultaat van jou inspanning. Dit maak van jou 'n gelukkige mens. God se krag wat deur jou gewerk het, wys vir jou dat Hy direk betrokke is by die sukses wat jy smaak.

Tweedens vloei hierdie seën oor na jou huwelikslewe. Om tuis te kom en die hand van 'n liefdevolle vrou te sien, is iets wat die Here skenk. Daar is 'n atmosfeer van gasvryheid en ondersteuning. Die Here gee aan 'n man wat hard werk die seën van 'n vrou wat Paulus later in Titus 2:4-5 beskrywe. Die wingerdstok was 'n hoogs aangeskrewe plant in Palestina en is vereenselwig met lewensblydschap en vrolikheid. So word daar in hierdie psalm gesing oor die seën van 'n vrou wat die Here geskenk het.

Derdens word die Here se seën uitgebrei na die huisgesin. Ook die kinders vorm deel van 'n gelukkige lewe. Hulle is ons olyfbome. Die olyfboom word as simbool gebruik omdat dit die lewe vir die mens baie aangenaam gemaak het. Dink maar aan die kos, die olie en die skaduwee wat die eienaar van so 'n boom kry. Onder 'n ou olyfboom was daar ook baie opslagboompies wat eendag sy plek kon inneem. Ook hierdie vrugbaarheid het van seën getuig.

Vierdens sou die suksesvolle gelowige ook die voorspoed van Jerusalem aanskou. Seën vloei selfs oor na die kerklike en volkslewe. Dit is asof die psalm se note onkeerbare voorspoed sonder grense wil besing. Daar waar gelukkige, hardwerkende gelowiges woon, in gelukkige huisgesinne, gaan dit ook met die land goed. Daar is sigbare voorspoed en vooruitgang. So lyk dinge as die Here gevrees en gedien word.

Die vyfde en laaste gebied waar die seën van die Here oorspoel, is die nageslag van die gelowige dienskneg van die Here. Die kinders en kleinkinders is natuurlik die simbool van die toekoms. Watter vreugde is daar tog as jy gelowig daarvan kan sing dat jy ook 'n geseënde toekoms in die geloof kan sien!

Laat ons ook ons pelgrimslied afsluit met die gebed (vs. 6): "Mag daar vir Israel vrede wees!" Ja, in die geloof omhels die lied al die Here se verbondskinders wat in afhanklikheid onder sy onmisbare seën lewe!

Sing: Psalm 128:1, 4

Ds Christo Swanepoel (Nylstroom)